# 17 Januarie 2024 - Lesing 216 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

JaHshua se onmeetbare liefde – 9/8/61

**NO: 7962** Toe Ek oor die aarde gegaan het, het Ek as Mens die groot nood van die mensdom gesien, omdat die liefde in My magtig was en daardeur ook die helderste lig in My was oor die rede van die nood, **oor die toestand waarin die mense hulself bevind het**, en ook dat hulle vasgeketting was deur 'n mag wat boos was en die mense in die verderf wou stort.

**Die Liefde** het My hierdie insig gegee en **die Liefde** in My het besluit om 'n offer te bring vir die mensdom wat in die diepste nood gesmag het. Ek het besluit, op grond van My Liefde, tot 'n openlike stryd met die teenstander. **Ek wou as Mens aan hom bewys** dat My Liefde 'n krag was deur middel waarvan Ek hom kon oorwin. Ek wou My Liefde insit teenoor sy haat. En hierdie oorgrote liefde van My moes die mense verlos uit sy mag.

Ek ken die rede van die menswees, **van die vroeëre afval van die wesens van God,** omdat die liefde in My vir My hierdie insig geskenk het. En so het Ek ook geweet **dat slegs die liefde aan hul redding kon bring uit hul noodtoestand**. En daarom was My pogings as die Mens JaHshua eerstens om die medemens die Goddelike leer van die liefde voor te hou en hulle aan te spoor om 'n lewe in liefde te lei, sodat hulle vir hulself **krag kon verwerf** om die teenstander te weerstaan.

En Ek het hulle 'n lewe in liefde voorgeleef en bekroon hierdie lewe in liefde vervolgens met My dood aan die kruis. Ek bied die Vader 'n liefdesoffer aan vir die medemense en **koop deur hierdie offer die siele vry** van hul gevangebewaarder. Ek betaal die skuld met My lewe. Slegs die liefde was in staat om so 'n dergelike offer te bring en die liefde was in My. Die Vader Self, die ewige Liefde, het My vervul. **Die ewige Liefde Self het dus die skuld tot niet gemaak** wat die geeste op hulle gelaai het toe hulle geval het, toe hulle die teenstander in die diepte gevolg het.

Die vroeëre afval in die diepte, die skeiding van God, was slegs moontlik gewees, deurdat die wesens **afstand gedoen het van die liefde**, deurdat hulle die aanstraling van die liefde van die Vader nie aangeneem het nie. Die mense moes weer tot liefde word en omdat hulle nie meer die krag daarvoor gehad het nie, het Ek vir hulle hierdie wilskrag verwerf deur My dood aan die kruis en verlos Ek hulle uit hul verswakte toestand.

**En nou kon hulle hulleself bevry uit die mag van die teenstander**, want hulle het nou die krag van My ontvang as die goddelike Verlosser, omdat hulle nou ook in staat was om 'n lewe in liefde te lei, omdat hulle nou, na My verlossingswerk, weer die aanstraling van die liefde kon ontvang, wat voortdurend van My as die Ewige liefde gestuur word **na al die wesens wat hulself oopstel om haar te ontvang.**

Ek deurgrond as Mens die groot nood van My medemens. As van die Vader afkomstige Engelgees was Ek ook daarvan op hoogte en Ek het Myself aangebied om na die aarde af te daal en die kinders weer terug te bring na die Vader.

**Ek bied Myself aan om die ewige Liefde as menslike omhulsel te dien**, sodat die Liefde die verlossingswerk kon volbring.

Maar Ek gaan allereers ook as Mens die weg oor hierdie aarde, want die **vrye wil van een mens** moes homself bereid verklaar tot hierdie werk van erbarming, omdat een mens onuitspreeklike lyding op hom moes neem as boetedoening, omdat God nie kan ly nie, **maar ter wille van die geregtigheid daar 'n groot soenoffer noodsaaklik was om die groot oerskuld tot niet te maak.**

Maar Ek het na die aarde gekom met 'n hart vol van liefde en My wandeling oor die aarde was 'n onophoudelike werksaamheid in liefde. Want die liefde was die krag wat by die mense ontbreek het, om welke rede Ek die Goddelike leer van die liefde gepredik het en die mense steeds weer aangemaan het om My na te volg.

Maar voordat Ek die werk van verlossing volbring het, was die mag van die teenstander nog te groot en die mense tot die uiterste toe verswak.

Daarom moes daar 'n Redder kom, om hulle te bevry vanuit sy mag. Daarom moes die Liefde 'n werk volbring, waardeur die teenstander oorwin kon word. Die liefde van 'n mens moes hom weerstand bied en bygevolg die stryd teen hom seëvierend deurstaan. Want teen die Liefde was die teenstander nie opgewasse nie en **dus moes hy afsien van die siele wat hulself aan die goddelike Liefde oorgegee het, wat My en My verlossingswerk erken en dus vrywillig na My wou terugkeer en weer die kring van My stroom van Liefde binnegegaan het.**

En die verlossingswerk is volbring en so kan elke mens hom bevry vanuit die mag van die teenstander, deur 'n **beroep te doen** op die genade van die verlossingswerk, wie My en My verlossingswerk **erken**, My om vergewing van skuld **vra** en om versterking van sy wil om lief te hê. Want hy sal in staat wees om My na te volg. Hy sal in staat wees om 'n lewenswandel te lei net soos Myne. En die liefde wat hy nou beoefen, sal hom krag laat toekom, sodat hy sy weg oor die aarde suksesvol sal aflê, sodat hy slegs op My Self as die Ewige Liefde sal afstuur en dat hy die aaneensluiting sal vind met My en terugkeer na sy vaderhuis, waarvan hy homself eens verwyder het in vrye wil en daarom **ook in vrye wil die terugkeer moet bewerkstellig.**

Hierdie terugkeer kan **slegs plaasvind deur die liefde** en daarom het Ek die liefde gepredik toe Ek op aarde gewandel het. En Ek het My leerlinge uitgestuur sodat hulle die Goddelike leer van die liefde sou verkondig aan alle volkere van die aarde. Want slegs die liefde maak julle vry uit die mag van hom wat totaal sonder liefde is en daarom My teenstander is, wat hy ook sal bly totdat My werk van verlossing finaal beëindig is, **tot al die geestelike na My teruggekeer het** en daar dan ewig geen dors meer sal wees nie. Amein.